Modue A Die padverkeersreëls

1. Wanneer u op ‘n openbare pad bestuur, en u is betrokke in ‘n ongeluk moet u…

   (i) alkhol verskaf aan die beseerdes teen skok.
   (ii) die voertuig onmiddelik tot stilstand bring.
   (iii) kyk of enige iemand beseer is.

   A. Slegs (ii) is korrek
   B. Al die bogenoemde stellings is korrek
   C. Slegs (ii) en (iii) is korrek

2. Wanneer moet u die voertuig wat u bestuur se ligte aanskakel?

   (i) Van sononder tot sonop.
   (ii) Enige tyd gedurende die dag wanneer u nie duidelik kan sien vir 150m nie.
   (iii) Indien dit ‘n rëenerige dag is en u nie kan sien vir 100m nie.

   A. Slegs (i) is korrek
   B. Slegs (i) en (ii) is korrek
   C. Al die bogenoemde stellings is korrek

3. Wanneer u op ‘n openbare pad bestuur en u wil links draai moet u …

   A. die nodige sein vroegtydig gee.
   B. ‘n wye draai na regs vat sodat u makliker kan draai.
   C. stilhou en stop, en dan draai.

4. Waar word u verbied om stil the hou?

   A. Langsaan enige obstruksie of uitgrawing aan die kant van die pad.
   B. Op ‘n sypaadjie.
   C. Wanneer u stilhou met die voorkant van u voertuig in die rigting van aankomende verkeer.

5. Wanneer u ‘n voertuig op ‘n openbare pad bestuur moet u…

   A. skoene dra met rubber sole.
   B. ten alle tye albei hande op die stuurstang hou.
   C. ‘n onbelemmerde uitsig van die pad en die verkeer voor u hê.

6. Wanneer u ‘n verkeersein (robot) nader waarvan die lig permanent rooi flikker…

   A. moet u uitkyk vir die polisie padblokkade vorentoe.
   B. moet u die voertuig tot stilstand bring en verder ry wanneer dit veilig is.
   C. moet u die voertuig tot stilstand bring en wag vir die lig om groen te slaan.

7. Die wettige spoed wat u op enige openbare pad mag ry …

   A. is altyd 120km/h op buite stedelike paaie.
   B. word aangedui deur ‘n padteken aan die kant van die pad.
   C. kan deur uself bepaal word, afhangende van die hoeveelheid verkeerslane wat daar is.

8. U mag nie u voertuig…

   (i) se wiele laat tol wanneer u wegtrek nie.
   (ii) se enjin laat luier wanneer dit sonder toesig is nie.
   (iii) bestuur sonder ‘n doeltreffende dop op die brandstof tenk nie.

   A. Slegs (ii) en (iii) is korrek
   B. Slegs (ii) is korrek
   C. Al die bogenoemde stellings is korrek

9. Elke voertuig wat op ‘n openbare pad gebruik word moet ‘n lisensie (klaringsbewys) hê. Hierdie lisensie is geldig vir…

   A. 90 dae.
   B. 12 maande.
   C. 21 dae.

10. Wanneer u ‘n ander voertuig wil sleep waarvan die remme nie behoorlik werk nie, moet u gebruik maak van ‘n …

    A. sleepwa.
    B. sleepstang.
    C. sleeptou.

11. Wanneer u op ‘n openbare pad bestuur, mag u…

    A. ‘n voertuig wat regs gaan draai aan die linker kant van die pad verbysteek sonder om op die skouer van die pad te ry.
    B. nooit ‘n ander voertuig aan die linkerkant verbysteek nie.
    C. ‘n voertuig op enige plek aan die linkerkant verbysteek.

12. Wanneer het die bestuurder van ‘n motorvoertuig ryvoorrang (die reg van weg) ?

    (i) Indien hy reeds binne ‘n verkeersirkel is.
    (ii) Indien hy van voorneme is om regs te draai by ‘n kruising op ‘n tweerigting pad.
    (iii) Indien hy eerste gestop het by ‘n vierrigting stopstraat.

    A. Al die bogenoemde stellings is korrek
    B. Slegs (i) en (ii) is korrek
    C. Slegs (i) en (iii) is korrek

13. Dui aan watter een van die volgende is onwettig.

    A. ‘n Passasier ry op die buffer van jou voertuig.
    B. ‘n Passasier speel met die volume knop van die radio.
    C. ‘n Passasier sit direk agter jou wanneer jy slegs in besit is van ‘n leerlinglisensie.

14. Wanneer u ‘n motorvoertuig bestuur is dit ontoelaatbaar om stil te hou…

    A. 5m van ‘n brug af.
    B. regoor ‘n ander voertuig waar die pad 10m wyd is.
    C. waar u ook verbied word om te parkeer.

15. Die dompligte (dim lights) van u voertuig mag nie verder as ….. voor u in die pad skyn nie

    A. 100m
    B. 45m
    C. 150m

16. Watter reël van die pad word as die belangrikste beskou?

    A. Hou links vir sover as wat dit veilig is.
    B. Wees altyd vriendelik en bedagsaam teenoor ander padgebruikers.
    C. U moet nie die spoedgrens oorskry nie.

17. Wanneer u ‘n verkeersirkel wil binnegaan soos in Z4 en daar is ook ander voeruie van al drie kante moet u…

    A. die voertuig tot stilstand bring en weer ry wanneer dit veilig is.
    B. aanhou ry indien u die eerste voertuig oor die lyn is.
    C. altyd toegee aan voertuie van regs af.



Z4

18. U mag nie ‘n ander voertuig verbysteek nie…

    (i) indien u ‘n draai nader.
    (ii) indien u slegs 100m voor u kan sien as gevolg van rook oor die pad.
    (iii) indien u ‘n steil opdraand nader.

    A. Slegs (ii) is korrek
    B. Slegs (i) en (iii) is korrek
    C. Al die bogenoemde stellings is korrek

19. Wanneer u ‘n voertuig op ‘n buitestedelike pad bestuur is die maksimum spoedgrens …..

    A. 60km/h.
    B. 80km/h.
    C. 100km/h.

20. Die diepte van ‘n buiteband se groewwe moet ten minste …… wees oor twee derdes van die oppervlak.

    A. 1mm
    B. 1,5mm
    C. 2mm

21. Wanneer u op ‘n openbare pad bestuur en u kom ‘n noodvoertuig teë waarvan die serene loei moet u…

    A. ryvoorrang aan daardie voertuig verleen.
    B. u voertuig se noodflikkerligte (hazards) aanskakel en die toeter druk.
    C. u voertuig se hoofligte aanskakel om ander verkeer op die pad te waarsk u.

22. Waar is dit toelaatbaar om wettig met u voertuig stil te hou?

    A. 6m van ‘n spooroorweg af.
    B. 5m van ‘n voetoorgang af.
    C. 4m van ‘n tonnel of duikweg af.

23. Onder watter omstandighede, indien enige, sal dit toelaatbaar wees vir u om u voertuig aan die regter kant van ‘n tweerigting pad met verkeer in albei rigtings te bestuur?

    A. Onder geen omstandighede nie.
    B. Slegs op die bevel van ‘n verkeers of polisiebeampte.
    C. Indien u die voertuig se noodwaarskuwingsligte (hazards) aanskakel.

24. Indien u u voertuig parkeer op ‘n openbare pad tussen sononder en sonop is dit nie nodig om die parkeerligte aan te skakel nie indien…

    (i) u in ‘n afgemerkte parkeerarea parkeer.
    (ii) u 10 m van ‘n brandende straatlig af parkeer.
    (iii) u langs die pad stilhou.

    A. Slegs (i) en (iii) is korrek
    B. Slegs (ii) en (iii) is korrek
    C. Al die bogenoemde stellings is korrek

25. U mag nie ‘n leerlinglisensie kry nie, indien…

(i) u lisensie tydelik opgeskort is en die opskortings periode het nog nie verstryk nie.
(ii) u onbevoeg verklaar is vir ‘n sekere tydperk om ‘n lisensie te kry, en die tydperk is nog van krag.
(iii) u alreeds ‘n bestuurderslisensie het wat die bestuur van dieselfde klas voertuig magtig.

A. Slegs (i) en (ii) is korrek
B. Slegs (i) en (iii) is korrek
C. Al die bogenoemde stellings is korrek

26. Kyk na padverkeersmerk RTM1, skets 4 in die sketsboekie. Dit wys vir jou dat…

A. indien jy in voertuig A ry, jy moet stop voor die stopstreep.
B. indien jy in voertuig B ry, jy voertuig A mag verbysteek indien daar geen ander verkeer by die kruising is nie.
C. indien jy in voertuig A ry, jy spoed moet verminder, kyk of dit veilig is, en verder ry.



Skets 4

27. Die algemene spoedgrens wat geld in beboude gebiede is…

A. 60km/h.
B. 80km/h.
C. 100km/h.

28. Indien u op ‘n openbare pad bestuur en u van voorneme is om van baan te verander, moet u…..

A. die nodige verkeersein gee, en nadat u vir ander verkeer gekyk het van ba an verwissel.
B. u flikkerlig aanskakel en van baan verwissel.
C. die rem liggies trap en van baan verwissel.

29. Bestudeer skets 8 in die sketsboekie. Wanneer is dit toelaatbaar om in die gedeelte links van die geel streep, RM4.1 te ry?

(i) Indien u 'n pap wiel het en u wil daar stop om dit om te ruil.
(ii) Indien u op 'n deurpad met twee bane in albei rigtings stadiger as 1 20km/h wil ry.
(iii) Enige tyd wanneer u wil hê dat vinniger verkeer u moet verbysteek.
(iv) Enige tyd gedurende die dag wanneer u wil hê dat vinniger verkeer u moet verbysteek.

A. Slegs (i) is korrek
B. Slegs (i) en (iv) is korrek
C. Slegs (iii) en (iv) is korrek



Skets 8

30. Indien u op 'n openbare pad bestuur en u word bewus van iemand wat u wil verbysteek, moet u…..

(i) nie spoed vermeerder nie.
(ii) sover links hou as wat dit veilig is.
(iii) vir die persoon agter u wys of dit veilig is om nou verby te steek.

A. Slegs (i) is korrek
B. Slegs (i) en (ii) is korrek
C. Al die bogenoemde stellings is korrek

31. Die enigste keer wat dit toelaatbaar is om op 'n deurpad te stop is om …..

A. te rus wanneer jy vir 'n lang ruk bestuur het.
B. rylopers op te laai.
C. 'n padverkeersteken te gehoorsaam.

32. Dit is onwettig om stil te hou…

A. 9m van 'n kruising af.
B. 1,5m van 'n brandkraan af.
C. met enige gedeelte van u voertuig op 'n sypaadjie.

33. Dit word van u verwag om ‘n veilige volgafstand te handhaaf wanneer u op ‘n openbare pad bestuur. Indien ‘n voertuig voor u skielik tot stilstand kom moet u…..

A. kan uitswaai en verby ry.
B. kan uitswaai en veilig langs die voertuig stop.
C. kan stop sonder om uit te swaai.

34. U mag nie…

A. meer as 100m agteruit ry nie.
B. u voertuig sonder toesig laat terwyl die enjin luier nie.
C. passasiers in u voertuig hê indien u net ‘n leerlinlisensie het nie.

35. Die laaste aksie wat u moet uitvoer indien u van baan verwissel is…..

A. om die flikkerlig aan te skakel.
B. om in die tru-spieël te kyk.
C. om in die blindekol te kyk.

36. By ‘n kruising…

A. moet u toegee vir verkeer van voor af indien u regs wil draai.
B. het voertuie ryvoorrang bo voetgangers.
C. kan ‘n stopteken as ‘n toegee teken beskou word indie n daar geen aankomende verkeer is nie.

37. Bestudeer skets 8 in die sketsboekie. Wanneer u van baan wil verwissel en beweeg van L1 na L2 moet u…

(i) u voertuig se flikkerligte betyds aanskakel om ander padgebruikers van u voorneme te waarsku.
(ii) in die tru-spieël kyk om seker te maak dat u bewus is van ander verkeer.
(iii) dit slegs doen wanneer dit veilig is.

A, Slegs (i) en (ii) is korrek
B. Slegs (ii) en (iii) is korrek
C. Al die bogenoemde stellings is korrek



Skets 8

38. Dit is toelaatbaar om…..

A. u voertuig op ‘n sypaadjie te bestuur indien daar geen voetgangers is nie.
B. u voertuig agteruit te laat beweeg slegs wanneer dit veilig is.
C. u voertuig se enjin te laat luier indien u brandstof ingooi.

39. Indien u op ‘n openbare pad bestuur is dit toelaatbaar om ‘n ander voertuig aan die linkerkant verby te steek…..

(i) op die bevel van ‘n polisie of verkeersbeampte.
(ii) wanneer die voertuig voor u regs gaan draai en die pad is breed genoeg sodat u nie op die skouer van die pad hoef te ry nie.
(iii) wanneer die pad waarop u ry twee verkeersbane in dieselfde rigting het.

A. Slegs (i) is korrek
B. Slegs (ii) en (iii) is korrek
C. Al die bogenoemde stellings is korrek

40. Wanneer u ‘n ander voertuig met ‘n sleeptou sleep is die maksimum afstand tussen die twee voertuie toelaatbaar……

A. 1,8m.
B. 2,5m.
C. 3,5m.

41. Wat is belangrik ten opsigte van die toeter van u motorvoertuig?

A. Die toonhoogte van die klank mag nie verander nie.
B. U mag dit gebruik om iemand se aandag te trek wat u wil oplaai.
C. Dit moet hoorbaar wees vir ‘n afstand van ten minste 45 m.

42. Wanneer u in ‘n motorongeluk betrokke is …..

(i) moet u onmiddelik stilhou.
(ii) moet u vasstel watter skade aan u voertuig aangerig is.
(iii) mag u weier om u naam en adres vir enige iemand anders as die polisie te gee.

A. Slegs (i) en (ii) is korrek
B. Slegs (iii) is korrek
C. Al die bogenoemde stellings is korrek

43. Bestudeer skets 4 in die sketsboekie. Voertuig B…..

A. mag verby voertuig A ry indien daar geen ander verkeer is nie.
B. mag direk agter voertuig A oor die stopstreep ry indien daar geen aankomende verkeer is nie.
C. moet agter voertuig A stop en kan weer vorentoe ry wanneer dit gery het, maar moet dan agter die stopstreep stop en ry wanneer dit veilig is.



Skets 4

44. Dit is toelaatbaar vir die bestuurder van ‘n voertuig…..

A. om sy arm by die venster uit te steek om wettige handseine te gee.
B. om toe te laat dat iemand op die buffer ry.
C. om sy voertuig sonder toesig te laat terwyl die enjin luier.

45. Wat is die maksimum typerk wat ‘n voertuig op een plek geparkeer mag word op ‘n openbare pad buite stedelike gebiede?

A. 24 uur
B. 48 uur
C. 7 dae

46. Dit is toelaatbaar om ‘n voertuig aan die linkerkant verby te steek…..

(i) indien hy sy flikkerlig aan het wat wys dat hy regs gaan draai.
(ii) indien hy aan die regterkant van die pad ry en daar is genoeg plek op die skouer om hom verby te steek.
(iii) indien hy aan die regterkant van ‘n pad ry wat twee verkeersbane in dieselfde rigting het.

A. Slegs (i) en (iii) is korrek
B. Slegs (i) is korrek
C. Al die bogenoemde stellings is korrek

47. By ‘n kruising…..

A. het voetgangers wat alreeds besig is om die pad te kruis en die rooi mannetjie sein gaan aan, die reg van weg.
B. mag jy ‘n voertuig wat wag om regs te draai, links verbysteek deur van die pad af te ry.
C. mag jy enige plek daarin stop om passasiers af te laai.

48. Wanneer u ‘n ander voertuig met ‘n sleeptou sleep, mag u slegs …….. ry.

A. 30km/h
B. 40km/h
C. 45km/h

49. Indien u op ‘n openbare pad bestuur mag u ‘n ander pad kruis of binnegaan…..

A. as dit oor ‘n groot afstand vry van enige verkeer is, en u nie ‘n obstruksie vir ander verkeer sal veroorsaak nie.
B. as dit oor ‘n klein afstand vry van enige verkeer is.
C. net soos wat u wil, solank u die flikkerlig betyds aanskakel.

50. Bestudeer skets 4, padmerk RTM 1 in die sketsboekie. Dit beteken dat…..

A. indien u in voertuig A ry, u moet stop voor die lyn.
B. indien u in voertuig A ry, u spoed moet verminder en ry indien dit veilig is.
C. indien u in voertuig B ry, u voertuig A mag verbystee k indien daar geen ander voertuie in die kruising is nie.



Skets 4

51. Dit is ontoelaatbaar om in ‘n kruising in te ry indien …..

A. die robot geel slaan en u alreeds in die kruising is.
B. die voertuig voor u regs wil draai en daar genoeg plek is om dit aan die li nkerkant verby te steek.
C. daar nie genoeg plek is om regs te draai sonder om ander verkeer te blokkeer nie.

52. Wat is toelaatbaar wanneer ‘n voertuig gesleep word?

(i) ‘n Motorvoertuig sleep ‘n ander motorvoertuig met ‘n sleeptou en hulle ry 40km/h.
(ii) U sleep ‘n ander voertuig met ‘n sleepstang.
(iii) ‘n Trekker sleep ‘n sleepwa met 10 passasiers daarop en ry 30km/h.

A. Slegs (i) is korrek
B. Slegs (ii) en (iii) is korrek
C. Al die bogenoemde stellings is korrek

53. Wat is waar ten opsigte van die dra van sitplekgordels?

(i) Indien u voertuig sitplekgordels agter het, moet dit gedra word.
(ii) Dit is nie nodig om sitplekgordels te dra wanneer u agteruit ry nie.
(iii) Kinders onder 14 jaar hoef nie sitplekgordels te dra nie.
(iv) Indien die voorste sitplek ‘n sitplekgordel het, mag u enigste passasier nie agter sit waar daar nie ‘n sitplekgordel is nie.

A. Slegs (i), (ii) en (iv) is korrek
B. Slegs (i) is korrek
C. Al die bogenoemde stellings is korrek

54. Wanneer u slegs ‘n leerlinglisensie het vir ‘n ligte motorvoertuig, …..

(i) moet daar iemand by u in die voertuig wees wat dieselfde bestuurders lisensie het.
(ii) mag u nie op ‘n deurpad bestuur nie.
(iii) mag u nie passasiers by u in die voertuig hê nie.

A. Slegs (i) is korrek
B. Slegs (ii) en (iii) is korrek
C. Al die bogenoemde stellings is korrek

55. Indien iemand gedood of beseer is in ‘n botsing in ‘n stedelike gebied, mag die voertuie …..

A. onder geen omstandighede uit hulle oorspronklike posisies verskuif word nie.
B. alleenlik verskuif word as die verkeersvloei versper word, en hulle posisies duidelik op die padoppervlak afgemerk is.
C. dadelik verwyder word sonder dat ‘n polisiebeampte die toneel besoek het.

56. Watter van die volgende is toelaatbaar op ‘n deurpad?

A. Die gee van handseine in ‘n noodgeval.
B. Om langs die pad stil te hou en op u selulere telefoon te gesels.
C. Om met n 50cc motorfiets te ry.

57. Wanneer mag ‘n padverkeersteken verontagsaam word?

A. Indien die bestuurder dink dat die teken nie meer van toepassing is nie.
B. Indien ‘n polisie of verkeersbeampte ‘n ander opdrag gee.
C. Indien daar geen ander verkeer is nie.

58. In watter geval is dit toelaatbaar om ‘n selulere telefoon te gebruik terwyl u op ‘n openbare pad bestuur ?

A. Indien u slegs vir ‘n paar sekondes praat.
B. Indien u dringend met u werkgewer moet praat.
C. Indien u voertuig toegerus is met ‘n handvrye praat toestel.

59. Wanneer u agter ‘n ander voertuig bestuur, moet u ‘n volgafstand van ten minste ….. handhaaf.

A. 2 sekondes.
B. 8 sekondes.
C. 16 sekondes.

60. Onder watter omstandighede, indien enige, mag ‘n motorvoertuig sonder ‘n geldige lisensie (klaringsbewys) op ‘n openbare pad bestuur word?

A. Onder geen omstandighede nie.
B. Slegs wanneer ‘n spesiale permit vir daardie doel verkry is.
C. Slegs wanneer die voertuig op stil paaie buite spitstye bestuur word.

61. ‘n Ongeluk waarin niemand beseer in nie, moet binne ….. by die naaste polisiestasie aangemeld word.

A. 6 uur
B. 12 uur
C. 24 uur

62. Dui die korrekte stelling aan.
‘n Veilige volgafstand …..

(i) is kleiner teen lae snelhede.
(ii) is groter teen hoër snelhede.
(iii) is kleiner teen hoër snelhede.

A. Slegs (i) is korrek
B. Slegs (i) en (ii) is korrek
C. Al die bogenoemde stellings is korrek

BESTUDEER NOU SKETS 2 IN DIE SKETSBOEKIE. DIT IS ‘N VOORSTELLING VAN DIE KONTROLES VAN ‘N LIGTE MOTORVOERTU IG.
VRAE 63 TOT 70 IS VAN TOEPASSING DAAROP.



Skets 2

63. Om ratte te verander moet jy nommers ….. gebruik.

A, 7 en 9
B. 5 en 8
C. 6 en 8

64. Om te stop, moet jy nommer ….. gebruik.

A. 9
B. 8
C. 7

65. Nommer ….. kom nie by ‘n outomatiese voertuig voor nie.

A. 2
B. 6
C. 8

66. Om te draai, moet jy nommer ….. gebruik.

A. 4
B. 5
C. 10

67. Om seker te maak dat jou geparkeerde voertuig nie beweeg nie, gebruik nommer …..

A. 7
B. 8
C. 9

68. Om vinniger te ry, moet jy nommer ….. gebruik.

A. 6
B. 8
C. 10

69. Watter kontroles moet jy gebruik as jy skerp wil draai?

A. Slegs 1, 3, 5, 6 en 8
B. Slegs 3, 4, 5, 9 en 10
C. Slegs 1, 3, 4, 5, 6, 8, 9 en 10

70. Die afstand wat dit neem om jou voertuig te stop is …..

(i) langer op ‘n nat pad as op ‘n droë pad.
(ii) langer as jy vinniger ry.
(iii) langer as die voertuig gelaai is.

A. Geen van bogenoemde stellings is korrek nie
B. Al bogenoemde stellings is korrek
C. Slegs (i) is korrek

Korrekte antwoorde

Module A

Vraag 1 C
Jy mag nie alkohol aan enige persoon verskaf nie. Slegs ‘n dokter mag dit doen vir mediese redes in die geval van ‘n botsing.

Vraag 2 C
Jy moet jou ligte aanskakel wanneer dit donker is, asook enige tyd van die dag wanneer jy nie goed kan sien vir 150m nie. Dit maak nie saak of dit reën, hael of stof is nie. Opsie (iii) sê maar net dat jy nie vir 100m kan sien nie en daarom moet jy ook jou ligte aanskakel.

Vraag 3 A
Jy moet jou flikkerlig (sein) betyds aanskakel sodat ander padgebruikers kan sien wat jy wil doen. Moenie ‘n wye draai na regs vat om links te draai nie. Dit is nie noodwendig nodig om te stop nie. Dit mag dalk ‘n groen robot wees?

Vraag 4 C
Al die opsies klink verkeerd, maar onthou dat hulle altyd die mees korrekte antwoord soek. In hierdie geval die mees verkeerde antwoord. Jy mag nooit stilhou met jou voertuig in die rigting van aankomende verkeer nie. Dit is die gevaarlikste ding wat jy kan doen uit die drie opsies wat hulle jou gee.

Vraag 5 C
Of die skoene rubber sole het of nie maak nie saak nie. Onthou jy mag kaalvoet bestuur. Die wet het verander sedert 1994. Die wet bepaal dat jy ten minste een hand op die stuurwiel met hê sodat jy die ratte met die ander hand kan wissel. Niks mag ooit jou uitsig oor die pad belemmer nie.

Vraag 6 B
Met hierdie vraag bedoel hulle dat die robot stukkend is en dit flikker PERMANENT rooi. ‘n Flikkerende rooi lig beteken dieselfde as ‘n stopstraat. Stop en ry wanneer dit veilig is.

Vraag 7 B
Kyk in die notas vir die wettige spoedgrens. Dit is die spoedgrens wat geld, tensy anders deur ‘n padteken aangedui. In ‘n stedelike gebied is die spoedgrens 60km/h, maar op baie plekke kan jy eintlik vinniger ry soos aangedui deur ‘n padteken. Die snelheidsgrens is slegs 120km/h op ‘n snelweg (deurpad).

Vraag 8 C
Jy mag nie jou voertuig se wiele “spin” nie. Jy mag nie die enjin aanskakel en wegloop nie. Dit moet onder toesig wees nadat jy dit aangeskakel het. Die wet bepaal dat jou voertuig ‘n prop op die brandstoftenk moet hê.

Vraag 9 B
12 Maande . Onthou dit is die voertuig se liensie, nie joune nie. Dit is die “licence disc” wat op die voorruit geplak moet word.

Vraag 10 B
‘n Sleepstang is ‘n soliede stuk yster wat gebruik moet word sodat die twee voertuie nie aan mekaar kan raak terwyl dit gesleep word nie.

Vraag 11 A
Die skouer van die pad is die grond gedeelte aan die kant van die pad. Jy mag nie daarop ry om ‘n ander voertuig links verby te steek nie. Die skouer is nie die gedeelte links van die geel lyn nie.

Vraag 12 C
Verkeer binne ‘n sirkel het ryvoorrang. Indien jy regs wil draai by ‘n kruising moet jy eers wag vir die voertuie van voor af om verby te ry voordat jy kan draai. As jy eerste gestop het by ‘n stopstraat mag jy eerste ry.

Vraag 13 A
Geen passasier mag op die buffer of op die dak ry nie. Die passasier mag die radio verstel, want dit beinvloed nie die bestuurder nie. ‘n Passasier mag direk agter jou sit. Onthou jy mag passasiers by jou in die voertuig hê indien jy net ‘n leerlinglisensie het. Die wet het verander sedert 1994. ‘n Leerling bestuurder mag enige iets doen wat ‘n persoon met ‘n lisensie mag doen, behalwe dat hy nie alleen mag ry nie.

Vraag 14 A
Watter een is verkeerd? Jy mag slegs 6m van ‘n brug af stilhou. ‘n Pad moet ten minste 9m wyd wees. Jy mag stilhou waar jy nie mag parker nie.

Vraag 15 B
Ryligte (brights) 150m.
Dompligte (dims) 45m.

Vraag 16 A
Hou links. In ander lande ry hulle aan die regter kant van die pad. Moenie opsie B kies nie. Mense is nie vriendelik en bedagsaam op die pad nie!

Vraag 17 B
Daar is ‘n verskil tussen ‘n sirkel en ‘n MINI sirkel. In ‘n sirkel moet jy toegee van regs af. In ‘n mini sirkel kan die kar wat eerste daar is eerste ry. Dit maak nie saak van watter kant af hy kom nie. Z4 is ‘n mini sirkel want dit het ‘n geel kol in die middel. Jy gaan nie noodwendig stop nie, want daar is 4 toegee tekens by ‘n mini sirkel.

Vraag 18 C
Hierdie vraag bedoel wanneer mag jy nie regs verbysteek nie, Rook oor die pad vir 100m gaan in ‘n sekonde verby as jy 120km/h ry. Jy moet besef dat dit in al drie gevalle onveilig sal wees om verby te steek.

Vraag 19 C
100km/h

Vraag 20 A
1mm

Vraag 21 A
Jy moet ‘n voertuig wat ‘n serene loei toelaat om verby jou te ry.

Vraag 22 A

Spooroorweg	6m
Voetoorgang	9m
Tonnel/duikweg	6m

Vraag 23 B
Hulle vra op ‘n moeilike manier wanneer mag jy regs verbysteek. ‘n Polisie of verkeersbeampte moet altyd gehoorsaam word.

Vraag 24 C
Hulle vra wanneer hoef jy NIE die parkeerligte aan te skakel nie. Jy hoef dit nie aan te skakel indien ‘n parker ruimte op die padoppervlak geverf is nie. Jy hoef dit eers aan te skakel verder as 12m van ‘n brandende straatlig. Jy hoef dit nie aan te skakel as jy slegs vir ‘n paar sekondes stilhou nie.

Vraag 25 C
Hierdie vraag veroorsaak vir almal probleme in die eksamen.
Indien jou lisensie opgeskort is, mag jy nie weer ‘n leerlinglisensie kry nie.
Indien jy onbevoeg verklaar is vir ‘n tydperk mag jy nie ‘n leerlinglisensie kry nie.
Indien jy alreeds ‘n bestuurderslisensie het vir ‘n ligte motorvoertuig (die selfde klas), mag jy nie weer een vir dieselfde tipe voertuig kry nie. Jy mag wel een kry vir bv ‘n motorfiets.

Vraag 26 A
Jy moet altyd agter die stopstreep stop, of daar nou ander voertuie by die kruising is of nie.

Vraag 27 A
60km/h.

Vraag 28 A
Jy moet jou flikker aanskakel, oor jou skouer kyk of dit veilig is, en dan van baan verwissel.

Vraag 29 B
Daar is ‘n groot verskil tussen die skouer en links van die geel streep. Die wet se dat jy slegs in daglig links van die geel lyn mag ry om ander voertuie toe te laat om jou verby te steek. Indien jy ‘n pap wiel het mag jy daar stop om dit om te ruil.

Vraag 30 B
Hou links en moenie spoed vermeerder nie. Jy mag nie vir die persoon agter jou tekens wys dat dit veilig is om verby te steek nie.

Vraag 31 C
Uit die drie opsies is C die mees korrekte een. Veronderstel daar was ‘n ongeluk en hulle het nou ‘n tydelike stopteken daar gesit, dan moet jy stop.

Vraag 32 C
Jy mag nie op ‘n sypaadjie stilhou nie – ook nie eers met net een wiel daarop nie.

Vraag 33 C
Jy moet ‘n groot genoeg volgafstand handhaaf sodat jy veilig agter die voertuig kan stop sonder om uit te swaai.

Vraag 34 B
Jy mag sover agteruitry as wat jy wil, solank dit veilig is en net vir sover as wat nodig is.
Jy mag passasiers by jou in die voertuig hê indien jy net ‘n leerlinglisensie het. Die wet het verander sedert 1994. Moenie jou voertuig aanskakel en dit dan sonder toesig laat nie.

Vraag 35 C
Die kantspieëls wys nie vir jou die volledige prentjie agter jou nie. Daar kan ‘n voertuig skuins langs jou staan en jy sal dit nie in enige spieël kan sien nie. Ons noem dit die blindekol. Om dit uit te skakel moet jy elke keer oor jou skouer kyk of dit veilig is om van baan te werwissel. Jy moet in jou tru-spieël kyk en jou flikker aanskakel, maar heel laaste moet jy in jou blindekol kyk.

Vraag 36 A
Indien jy regs wil draai moet jy eers wag dat al die voertuie van voor af verbykom.
Partykeer het voetgangers ryvoorrang bo voertuie, soos by ‘n blokvoetoorgang.
‘n Stopteken mag nooit as ‘n toegeeteken beskou word nie. Jy moet stop – of daar nou ander voertuie is of nie.

Vraag 37 C
Al drie opsies is korrek.

Vraag 38 B
Jy mag slegs agteruitry indien dit veilig is. Natuurlik mag jy nie op ‘n sypaadjie bestuur nie. Die wet bepaal dat jou voertuig afgeskakel moet word wanneer jy brandstof ingooi.

Vraag 39 C
‘n Verkeersbeampte moet gehoorsaam word.
Daar is genoeg plek en jy hoef nie op die skouer te ry nie (die grondgedeelte).
Wanneer die pad twee verkeersbane in dieselfde rigting het, mag jy links verbyst eek.

Vraag 40 C
3,5m

Vraag 41 A
Die toonhoogte van die klank mag nie verander nie, m.a.w. dit mag nie ‘n deuntjie speel nie.
Jy moet dit slegs gebruik vir veiligheidsredes – nie soos die taxi’s wat toet om mense op te laai nie.
Die toeter moet hoorbaar wees oor ‘n afstand van 90m.

Vraag 42 A
Jy word deur die wet verplig om jou naam en adres aan die bestuurder van die ander voertuig te verskaf wanneer jy in ‘n botsing betrokke is.

Vraag 43 C
Voertuig B moet eers weer agter die lyn stop voordat dit mag ry .

Vraag 44 A
Jy mag nie enige liggaamsdeel by ‘n bewegende voertuig laat uitsteek nie, tensy om wettige handseine te gee.

Vraag 45 A
Buite stedelik – 24 uur.
Stedelike gebied – 7 dae

Vraag 46 A
By stelling (ii) mag jy juis nie op die skouer (grond gedeelte) van die pad ry om ‘n ander voertuig verby te steek nie.

Vraag 47 A
By ‘n robot moet jy wag vir voetgangers wat begin stap het toe die mannetjie nog groen was.

Vraag 48 A
30km/h

Vraag 49 A
Dit moet oor ‘n groot afstand vry van enige verkkeer wees – m.a.w. daar moet van ver af geen verkeer aankom nie.

Vraag 50 A
Voertuig A moet stop voor die lyn – of daar ander voertuie by die kruising is of nie.

Vraag 51 C
Jy mag nie in ‘n kruising inry indien jy die verkeer sal blokkeer nie.

Vraag 52 B
Indien jy met ‘n sleeptou sleep is die spoed 30km/h.
Jy mag ‘n ander voertuig met ‘n sleepstang trek.
Daar is ‘n wet wat bepaal dat die trekker korrek optree.

Vraag 53 A
Die wet bepaal dat indien jou voertuig sitplekgordels agter het moet dit gedra word.
Dit is waar dat jy nie sitplekgordels hoef te dra indien jy agteruit ry nie.
Kinders onder 14 jaar moet sitplekgordels dra – almal in die voertuig moet – selfs baba’s.
Dit is korrek dat jou enigste passasier voor moet sit en sy sitplekgordel moet dra.

Vraag 54 A
Daar moet iemand by jou in die voertuig wees met dieselfde klas lisensie. Jy mag op ‘n deurpad bestuur. Jy mag passasiers by jou in die voertuig hê. Onthou die wet het verander. Die enigste ding wat jy nie mag doen nie, is om alleen te ry.

Vraag 55 B
Die sleutel woord is “verkeersvloei versper” – dan mag jy die voertuie se posisies op die padoppervlak afmerk en hulle dan verwyder.

Vraag 56 A
Op ‘n deurpad mag jy slegs handseine gebruik in ‘n noodgeval.

Vraag 57 B
‘n Verkeersbeampte se opdragte geniet voorrang.

Vraag 58 C
Jy moet ‘n “hands free car kit” gebruik.

Vraag 59 A
Hoe groter die volgafstand hoe veiliger. Die wet bepaal dat die minimum 2 sekondes is, en dit is wat hulle vra.

Vraag 60 B
Onthou hulle praat hier van die voertuig se lisensie – nie die bestuurder s’n nie. Jy moet ‘n spesiale permit hê indien die voertuig nog nie geregistreer is nie.

Vraag 61 C
24 uur
Vraag 62 B
Hoe stadiger jy ry hoe kleiner sal die volgafstand wees.
Hoe vinniger jy ry hoe groter sal die volgafstand wees.

Vraag 63 C
Die koppelaar (clutch) en die rathefboom.

Vraag 64 A
Die voet rem.

Vraag 65 C
Die koppelaar. ‘n Outomatiese voertuig het wel ‘n rathefboom.

Vraag 66 A
Die stuurwiel. Nie die flikkerlig nie.

Vraag 67 A
Die handrem.

Vraag 68 C
Die versneller.

Vraag 69 C
Onthou in die eksamen – kies die lang antwoord met die meeste opsies!

Vraag 70 B
Op ‘n nat pad neem dit langer om te stop omdat die kontak tussen die band en die teer nat is.
Hoe vinniger jy ry hoe langer neem dit om te stop.
Hoe swaarder die voertuig gelaai is hoe langer sal dit neem om te stop. Die momentum dra die voertuig vorentoe.